


Waarom geen bekerings?

Dr. Andrew Murray

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	3
Die Kwaad	4
Wat die Euwel beteken	11
Die Oorsaak	18
Die Geneesmiddel	28

VOORWOORD



Waarom geen Bekerings verskyn in 1898 uit die pen van Andrew Murray. Dit is 38 jaar na die herlewing in die Kaap en teen die tyd was daar weer algemene vervlakking in die gesondheid van die Kerke.

❧ Nuni Dé ❧

DIE KWAAD

Die “British Weekly” van 10 Desember 1897 het ’n inleidingsartikel bevat met die opskrif:

“Mark Rutherford oor die Gebrek aan Moderne Bekerings.”

Nadat hy uit die romanskrywer aangehaal het, onderskryf die outeur sy mening dat bekerings van die ouderwetse soort skaarser word:

“In kerke wat beide welvarend en ondernemend is en wat deur die ganse land geroem word, is bekerings, van die ou soort ten minste, onbekend.”

As antwoord op die vraag: “Kan ’n uitleg van die feit gegee word?” herinner hy ons aan die invloed van die Christelike woning wat mense in die Christelike lewe sonder enige skielike oorgang inlei. Hy spreek van die skaduwee van Darwin wat op die boodskapper van vrede rus en wat mense lei om meer van ’n langsame evolusie as van ’n plotselinge verandering te verwag.

“Die geestelike verwagtings van diegene wat die toon aangee van die gemoedstoestand en die geestelike onderneming van ons tye.”

Materialistiese beskouings omtrent sonde het ’n deel aan die belemmering van die poging asook van die verwagting.

Veral het die vraagstukke van die uur en die begeerte om heeltmaal billik in sy verklaring van die ou leerstellings te wees, ’n verlammeende invloed op menige predikant.

“Die gevolg is dat hy dikwels op sy pynlydende hart kritiek - en teologiese probleme dra in stede van die

las van siele, soos die voorvaders dit genoem het. Daar is nouliks enige ruimte in sy gedagtes oor vir die groei van daardie geloof wat daardie veelvuldige en opvallende bekerings tot gevolg gehad het wat die roem van die vorige geslag was. Die opregte siel van die huidige leraar verdamp skynbaar in die poging om openhartige, goed-gebalanseerde, fyn-bedagte verklarings van die waarheid te stel. En dit lyk of sulke verklarings, hoe noodsaaklik ook al, nooit die harte van die hoorders diep ontroer nie.”

“Dit wil voorkom of die ywer, selfverloëning, inspannende verwagting wat in daardie evangeliese beweging die saamwerkende menslike faktore was, hulle vir die teenswoordige uitgeput het.”

Die skrywer sluit af met:

“Indien aan die moderne skaarste aan bekerings ’n end moet kom, sal die opwekkingsbewegings van die verlede weer opnuut moet gevul word uit die Goddelike fontein waaruit hulle ontstaan het.”

’n Week later het daar in “The Christian” ’n brief van mnr. Moody aan “The New York Independent” verskyn oor dieselfde onderwerp, maar van ’n baie verskillende standpunt. Dit was ’n verwysing na ’n verklaring in ’n vorige uitgawe van daardie blad,

“dat daar meer as drie-duisend kerke in die Congregational en Presbiteriaanse gemeente in die Verenigde State van Amerika was wat van geen enkele

lid wat deur belydenis van geloof toegevoeg is, melding gemaak het nie.”¹

Mnr. Moody skryf:

“Kan dit waar wees? Die gedagte het my so beetgepak dat ek nie daarvan ontslae kon raak nie. Dit is byna genoeg om ’n rilling van afsku deur die siel van elke ware Christen te jaag. Gaan ons stilsit en die toestand laat voortduur? Behoort ons ons stemme nie soos ’n trompet omtrent hierdie saak te verhef nie? Wat moet die Seun van God van so ’n uitslag van ons arbeid dink?”

In ’n inleidingsartikel oor mnr. Moody se mededeling verduidelik “The Independent” dat die feit in aanmerking moet geneem word dat daar nuwe kerke binne die jaar gestig is, van wie geen verslag kon verwag word nie, van klein kerke sonder predikantskap en vir dié wat in gebreke gebly het om enige verslag te stuur. Daar word uitdrukking gegee aan sy verskil aangaande wat mnr. Moody in sy brief.

gesê het betreffende die moderne kritiek, die arbeidspraatjies en die politiek wat hul weg na die preekstoel gevind het. Die skrywer glo nie dat hierdie dinge die oorsaak is nie en dan gaan hy voort:

“Toegegee dat al hierdie dinge waar is... is dit verstandig dat mnr. Moody hom verbaas en seer voel oor die feit dat duisende kerk rapporteer dat geen enkele lid gedurende die vorige jaar deur die geloofsbelydenis toegevoeg is nie? Dit is genoeg om ’n

¹ HJD: m.a.w. daar is geen bekerings aangemeld nie.

rilling van pyn deur die siel van elke ware Christen te jaag.”

Hierop het ’n Oproep tot Gebed en Werk deur mnr. Moody gevolg. Na verwysing na wat hierbo verklaar is, skryf hy:

“Laat ons almal gedurende die oorblywende dae van die jaar op ons Meester wag om ’n buitengewone voorbereiding vir die komende winter; en wanneer die Nuwejaar kom, waarom behoort nie elke Christelike kerk in Amerika en Engeland die seisoen met ’n maand se reeks van evangeliebyeenkomste te begin nie? ... Indien elke kerk maar aan hierdie oproep met oop deure en hartlike gewilligheid wil voldoen; indien elke leraar gedurende hierdie buitengewone tydperk homself wil inspan om in die Meester se diens gebruik te word; indien elke ampsdraer sy simpatie en medewerking aan die werk wil gee, sal die kerk oorsaak hê om Januarie 1897 in herinnering te hou, beide in die tydelike en dwarsdeur die ewigheid.”

Dit verbaas my dat hierdie tydskrifte nie meer antwoorde uitgelok het nie. In “The British Weekly” van 24 Desember het daar twee briewe verskyn met ’n kort onderhoofartikel oor die onderwerp. In die volgende uitgawe van “The Christian” was daar vier of vyf briewe. Ek weet nie wat daar verder kan gevolg het nie; maar ’n mens sou gedink het dat die verskriklikste openbaring baie sou wakker geskud het om hul stemme te verhef. Die saak kom my voor as van sulke lewensbelangrike en geweldige belang, dat ek my gedronge voel om my pen op te neem en my medegelowiges te vra om saam met my te oorweeg wat hierdie verklarings beteken en hoe daarmee gehandel moet word, indien enige bevryding kan verwag word.

Laat my begin met

'n WOORD VAN WAARSKUWING

Dit kom my voor dat een groot gevaar is dat ons nie genoeg tyd in beslag neem om die uitgebreidenheid en die diepte van die kwaad te besef nie. Tensy ons op God wag om ons die verskriklike betekenis daarvan aan te toon en ons tot die volle oortuiging te bring, dat niks behalwe 'n magtige tussenkoms van God, aan die kerk kan teruggee wat haar grootste roem is - die voorreg, deur die mag van haar Here, om die verlorenes te soek en te red - sal ons elkeen gereed wees met 'n verskillende rede waaraan die gebrek aan bekeringskrag toegeskryf word en 'n voorskrif hoe om dit te herwin; en die hele bespreking kan bes moontlik in 'n nuwe strydvraag eindig, nl. oor die beste metodes wat gevolg moet word ten einde die siekte te genees. Dit is slegs wanneer ons begin te besef hoe diepgeworteld en wydverspreid die siekte is, dat ons in ons magteloosheid sal gaan na die Groot Heelmeester - na Hom wat alleen in staat is om aan die kerk terug te gee wat sy verloor het.

Verskil van menings wat betref die oorsaak en ook die geneesmiddel is reeds geopenbaar. Mnr. Moody en saam met hom die redakteur van "The Christian" en een van sy korrespondente, dink dat die Hoër Kritiek een van die groot oorsake van baie van die kwaad is. In werklikheid het die redakteur van "The British Weekly" dieselfde beweer. Die redakteur van "The Independent" is daarvan oortuig dat dit nie die geval is nie. 'n Korrespondent in "The British Weekly" van 24 Desember gaan 'n stappie verder en dink dat die aanvaarding van die Hoër Kritiek deur die kerk, een van die groot redes is waarom daar na bekerings moet uitgesien word:

"Die godsdienstige atmosfeer is verander. Daar is minder swaer in en daar is meer lig. Die growwer

forms ten minste van uiterste Calvinisme is dood, die wetenskap is aanvaar, evolusie is opgeneem, kritiek het daar meer suurstof ingeblaas; en tog kom ons te staan voor die feit: geen bekerings in ons kerke. Die ou evangelie word met 'n duidelikheid verkondig wat vroeër nooit oortref is nie. Goeie en opregte manne wat vol ywer is en deurdring van die liefde van Christus, bring hul dae deur met die verkondiging van die ewige lewe deur Jesus Christus: en tog en tog..."

Daar is blykbaar twee strominge in die kerk: die letterkundige kultuur, wat deur sommige beskou word as die groot oorsaak van die euwel, is die eintlike saak waarna andere met verwagting opsien. As die skaarste aan bekerings maar slegs aangetref word in kerke waar die

HOËR KRITIEK²

aanvaar word, sou ons die verband tussen oorsaak en gevolg kan vasstel. Maar wat omtrent die kerke waar die Hoër Kritiek nog geen ingang gevind het nie? En die kerke van dertig jaar gelede, voordat daar van die saak sprake was? Die oorsaak moet dieper gesoek word: dit mag blyk dat die gees van moderne kritiek net soveel gevolg as oorsaak is, 'n aanduiding van 'n kwaad wat binnegedring het, selfs waar alles gesond en ortodoks was, want dit was binne-in die Evangeliese Kerk dat dit sy oorsprong gehad het. Die wortel van die euwel waarvan die skaarste aan bekerings 'n simptoom is, kan onder die mees behoudende sowel as onder die meer gevorderde gedagteskole aangetref word. Die ander gevaar is die gedagte dat nuwe pogings of nuwe metodes ons sal help. Mnr. Moody stel in sy briewe voor dat alle kerke Sondagaand vir die verkondiging van die evangelie oopgestel word. Die redakteur van die "The British Weekly" ondersteun

²HJD: Liberale Skrifbeskouing

hierdie voorstel sterk, alhoewel nie heeltemal op die dieselfde gronde nie.

*“Die tyd is verby vir twee gereelde preke op Sondag.
Predikante kan nie sulke preke voorberei soos nou tot
hierdie mate verwag word nie.”*

Mnr. Moody handel reg waar hy alle kerke oproep om dadelik te begin ten einde bekerings te bewerkstellig. Maar die predikante, die ampsdraers en die gemeentes het in baie gevalle so gewoon geraak aan die toestand waarin bekerings die uitsondering is, dat hulle in baie gevalle onwillig, bevreesd of onbekwaam sou kan wees om op die oproep te reageer. Ten einde evangeliese pogings te laag slaag het ons predikante en Christene nodig wat in so 'n bekering glo, dat hulle alles daarvoor sal veil hê.

Dit is nie meer werk of verskillende werk wat die genesing sal bewerkstellig nie. Dit is slegs 'n kerk wat bekeer is van haar huidige toestand van gelykvormigheid aan die wêreld wat óf sal soek na ware bekerings óf dié sal ondervind - wat van God die mag sal ontvang om mense van die wêreld te laat wegdraai en hulle tot Christus te wend.

Laat almal wat om die lewendmaking van die kerk van God bid, ernstig smee dat Hy ons hierdie drie dinge met betrekking tot die kwaad waarvan ons spreek, mag aantoon - Sy ware betekenis, sy verborge oorsake en sy Goddelike redmiddel. As ons daarvoor peins en ernstig bid om in die lig van God hierdie euwel te aanskou, kan daar inderdaad 'n gevoel van hulpeloosheid op ons neerdaal, maar dit sal ons ook gegun word om te sien wat die uitkoms moontlik is en seker vir diegene wat na die stem van God wil luister.

WAT DIE EUWEL BETEKEN

Wanneer 'n geneesheer 'n pasiënt onder hande neem, is die eerste saak wat hy probeer uitvind, die aard en die uitgebreidenheid van die kwaad wat hy moet beveg. Vandaar dat hy soveel tyd en nadenke wy aan die sorgvuldige studie van die simptome. Die welslae van die behandeling hang geheel-en-al van die noukeurigheid van die diagnose af.

So is dit ook waar ons handel oor die groot vraagstuk van die gebrek aan bekerings in die kerk van Christus; dit is nie genoeg dat ons die waarheid van wat gesê is, erken of dat ons op ernstige wyse planne beraam aangaande die beste middele om 'n verandering te weeg te bring nie. Indien die kerk ten volle moet besef wat met haar toestand verkeerd is en die weg moet vind waarlangs God haar daar kan uitlei, dan moet gelowiges en leraars laag voor die Here buig, voor Hom, die Grote Geneesheer, ten einde die euwel te ontdek en te verwyder en die bekeringskrag te herstel wat van Hom alleen afkomstig is.

Laat ons in die gees van vernedering voor God en in afhanklikheid van die Heilige Gees God vra om ons te toon wat die beskuldiging behels: die kerk van Christus verloor die krag tot bekering - die krag om sondaars na die Saligmaker te bring.

Dink 'n bietjie wat dit vir die Seun van God moet beteken. Hy beskou hierdie werk as Sy vernaamste roem. Hy het die hemel verlaat om verlore nes te soek en te red. Hy het gesterf dat Hy die krag kon hê, “om julle te seën deur elkeen te bekeer van sy booshede.”³ “Hom het God as 'n Leidsman en Verlosser deur Sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.”⁴ Die bekering van sondaars is die een groot doel van Sy dood op Golgota en Sy lewe in

³ Handeling 3: 26

⁴ Handeling 5: 31

heerlikheid. Dit is die doel waarvoor Sy kerk - Sy liggaam - saamgestel is, dat dit kan voortbestaan en die werk wat Hy op aarde begin het en nou in die hemel voortsit, kan voltooi. Dit is die doel waarvoor die Heilige Gees gegee is dat die dissipels en die kerk kan “toegerus word met krag” om die werk te voltooi. Dit is die een doel vir die bestaan van die kerk en haar voortbestaan hier op aarde.

Kyk na die beeld wat die Heilige Gees ons van die kerk by die Pinksterfees gee. Dit is die uitstaande karaktertrek, terwyl sy van krag tot krag voortgaan. “Daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring” (Handelinge 2: 41). “En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is” (2:47). “En baie van die wat die woord gehoor het, het geglo; en die getal van die manne het omtrent vyf duisend geword” (4:4). “En die woord van God het toegeneem en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder en ’n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof” (6:7). Samaria - “En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle hoor en sien die tekens wat hy doen (8:6). Joppe - “En baie het in die Here geglo” (9:42). Cesareá - “En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het” (10:44). Antiochië - “En die hand van die Here was met hulle en ’n groot getal het gelowig geword en hulle het tot die Here bekeer” (11:21). Antiochië - “En ’n aansienlike skare is aan die Here toegebring” (11:24). “En op dieselfde wyse het hulle in Ikonium in die Sinagoge van die Jode ingegaan en so gespreek dat ’n groot menigte van Jode sowel as Grieke gelowig geword het” (14:1).

’n Mens kan hierdie verklarings nie lees sonder om te voel dat in ’n Kerk gebore uit die Heilige Gees en met prediking in Sy krag, bekerings verwag kan word nie.

WAT ’n TEENSTELLING!

In Amerika drie duisend kerke sonder een bekeerling gedurende die jaar! En van Groot-Brittanje getuig een wat nóg hard nóg uit onkunde sou oordeel (Red. "British Weekly"):

"In kerke wat voorspoedig sowel as ondernemend is en wat in die ganse land geroem word, is bekerings, van die ou soort ten minste, onbekend!"

En dan, hoeveel kerke waar bekerings, indien dié nog voorkom, seldsaam is! En in hoeveel, as hulle in tye van spesiale pogings nog voorkom, word die klag gehoor, dat die bekeerlinge nie staande bly nie. Die bemiddelaar by bekerings was meer die wysheid van die mens as die krag van God. Hoeveel duisende predikante, sendelinge en werkers is daar wat sal beken dat die verwagtinge waarmee hulle hul werk begin het, bitter teleurgesteld is en dat daar geen vraag is waarop hulle meer sou verlang om 'n antwoord direk uit die hemel te kry as hierdie nie: Wat is nodig dat die krag van die verhoogde Here om berou te verwerk kan gesien word?

Wat kan hiervan die betekenis wees? Is dit een of ander ondeurgrondelike bepaling van God waaronder ons tevrede moet wees om voort te arbei sonder sukses? Of is dit dat, net soos met die golwe van die see, daar 'n eb en 'n vloed is, net soos met die wisselinge van die seisoene en die klimaat, daar sikkusse van droogte en reën, van storm en mooi weer is, wat ons nie kan afwend en waaraan ons nie kan ontkom nie; so indien ons lot op 'n tyd van geestelike onvrugbaarheid val, moet ons ons dan maar gou onderwerp en ly?

Of is dit regtig waar dat die Here inderdaad dit meen en van ons verwag om voortdurend bekerings te hê en dat hul skaarste eenvoudig

'n aanduiding is van een of ander vreeslike kwaad wat dit vir Hom onmoontlik maak om hulle te laat plaasvind?⁵

Indien die eienaar van 'n wingerd vind dat sy wingerd, alhoewel hy dié sorgvuldig bewerk het, nóg die hoeveelheid nóg die gehalte vrug opbring wat hy met reg kan verwag, beskou hy dit nie dadelik as die bewys van een of ander verborge kwaad nie? Hy weet dat die wingerdstok onverbiddelik die wet van die natuur gehoorsaam en dat daar volmaakte ooreenstemming moet wees tussen die inwendige toestand en die vrug wat dit dra. Die maat van bekerings wat God aan Sy kerk skenk, is die juiste aanduiding van Sy waardering van haar geestelike gezondheidstoestand. As Hy bekerings sou skenk buite verhouding van haar geestelike bekwaamheid, sou Hy haar in haar selftevredenheid sterk en die ontdekking van siekte onmoontlik maak: so is die pyn in die liggaam 'n genadige voorsiening om die aandag op een of ander sluipende gevaar in die gestel te vestig. Die skaarste aan bekerings is die

WAARSKUWENDE STEM VAN GOD

Dit is 'n onfeilbare getuie aan die kerk dat haar toestand Hom nie behaag, dat sy haar bestemming nie vervul nie, dat sy op die afdraand is waarvan niks haar kan herstel nie behalwe 'n algehele terugkeer tot 'n lewe in Sy wil.

Die kerk bestaan uit lidmate; *haar herstel moet begin met die van die individuele lede wat die las van die geheel opneem en dra.* Laat almal

⁵ HJD: Ek is versigtig om die saak so te stel. As ons ongehoorsaam is, maak ons nie die Here hulpeloos nie. Sy wil sal geskied! Ons kandelaar kan egter weggeneem word (Openbaring 2: 5) as ons bou soos daar in 1 Korintiërs 3: 10-15 bespreek word. Hierdie gedeelte praat egter oor die bruikbaarheid van die instrument, nie of iemand tot bekering kan kom of nie.

wat gewillig is om die laste te dra, die posisie inneem wat Josua en die oudstes van Israel gedoen het, toe die volk voor Ai verslaan is:

“Toe het Josua sy klere geskeur en met sy aangesig op die grond geval voor die ark van die Here, tot die aand toe, hy en die oudstes van Israel en hulle het stof op hul hoofde gegooi en Josua het gesê: “Ag, Here, wat sal ek sê nadat Israel vir sy vyande die rug gegee het?... Wat sal U dan vir u grote Naam doen?”⁶

Israel was in Kanaän gebring met God se versekering dat die volk sy vyande kon oorwin en uitwerp. Hulle het die land binnegegaan slegs met die geloof in die belofte en die mag van God. By Jerigo het dit meer ontvang as sy skitterende verwagtinge ooit kon gevra het as ’n waarborg van sekere en algehele oorwinning. En wat was dit? ’n Skielike en vreeslike neerlaag. Wat kan dit beteken? Niks minder as die vernietiging van Israel en die ontering van die heilige Naam van God! Geen wonder dat hulle die toevlug geneem het tot die enigste wat hulle kon doen nie: hulle het op hul aangesigte voor die Here geval. Neerlaag moet die ongenoeë van God, een of ander vreeslike verborge oorsaak beteken.

En daar kom van New-York en Londen vreeslike tydings van neerlaag, nie in een plek nie, maar volgens eie bekentenis dwarsdeur die geledere van die leër van die lewende God. Die kerk het haar vat op die massas verloor. Die kerk behou nie die jongmense wat haar Sondagskole deurloop het nie. Die kerk het gefaal om voorsiening te maak vir die toename van die bevolking. Die kerk het groot en florerende gemeentes sonder bekering. En in haar stryd teen die heidendom is die ernstigste dienaars van God die eerste om oral hul

⁶ Josua 7: 6; 8 en 9

geloof te verklaar dat hulle die reg het om magtiger vertonings van Christus se krag te verwag as wat hulle gewoonlik sien.

Daar is dus seker rede vir die ganse kerk om op haar aangesig te val en as met een stem uit te roep: “Ag Here, wat sal ek sê nadat Israel vir sy vyande die rug gegee het?”⁷ “Wat sal U dan vir u grote Naam doen?”⁸

Die kerk met haar Koning deur God verhoog om bekerings te gee, met die Heilige Gees gegee as die mag van God om bekerings te verseker, erken volmondig die skaarste aan bekerings. Sy faal in die een doel waarvoor sy bestaan. Met al haar geleerdheid, invloed en werk, bly sy in gebreke tot ’n groot mate aan die een ding wat God vra, die een ding wat haar tot ’n egte seën vir die wêreld kan maak - daar is ’n skaarste aan bekerings.

Toe Israel verslaan was, het Josua en die volk dit dadelik geweet. Dit is nie verberg nie. Helas! Die kerk het soveel om haar besig te hou en so baie uitwendige bewyse van welslae en seën, dat haar verskriklike neerlae nouliks gevoel word. Indien wel, hoe sou nie alles opsy gewerp word om tot God te roep om te toon wat sy werklik bedoel en hoe die neerlaag dadelik tot ’n oorwinning kan verander word nie.

Geen wonder dat mnr. Moody uitroep:

“Wat moet die Seun van God dink van so ’n uitkoms van ons arbeid soos hierdie?”

Laat ons almal daardie vraag neem en tyd vind om stil daarvoor te peins, totdat ons begin voel hoe griewend en ontierend die toestand

⁷ Josua 7: 8

⁸ Josua 7: 9

van Sy kerk vir Hom is. Laat ons dink, bid en wag, totdat Hy ons aantoon hoe ons in hierdie skaarste aan bekerings die onfeilbare bewys het dat daar iets radikaals verkeerd is en hoe niks behalwe 'n nuwe hervorming, gegee soos vorige hervormings deur Hom uit die hemel, as antwoord op bekentenis en die geroep van Sy volk, die roem wat gewyk het, kan herstel nie.

DIE OORSAAK

Elke reaksie moet 'n oorsaak hê, eweredig in omvang en mag volgens die resultaat wat teweeggebring is. Vir hierdie euwel - die kerk se onmag ten opsigte van die eintlike saak waarvoor sy bestaan - moet daar een of ander oorsaak gevind word, voldoende om die vreeslike en oorwegende algemeenheid daarvan te verklaar. Indien dit waar is dat Christus gewillig en verlangend is om bekerings te bewerkstellig, dat die Heilige Gees in die kerk is met die eintlike doel om hulle te weeg te bring, dan moet daar iets wees wat Hom grief en onteer, sodat Hy weier om Sy belofte te vervul.⁹ Totdat die oorsaak opgespoor is bely en verwyder is, is dit tevergeefs om enige verandering te verwag.

Dat die gebrek aan bekerings so maklik gedra word, dat daar maar weinig oor die kwaad getreur word, is 'n bewys dat daar 'n sluier oor die hart hang. Sommige siektes maak die pasiënt onbewus van sy gevaar. Tensy die kerk erken dat sy nie beseft het wat hierdie skaarste aan bekerings beteken nie - en daarvoor is die tussenkoms van God nodig om die geheime oorsprong daarvan bloot te lê - sal al ons bespreking weinig baat.

Op die vraag: Vanwaar hierdie gebrek aan bekerings? kan baie antwoorde gegee word. En tog kan dit gebeur dat hulle nie tot die wortel van die kwaad deurdring nie. Ons sal nie slegs enkele takke moet laat verwyder nie; die byl moet aan die wortel van die boom gelê word. Die siekte is van lange duur en diepgewortel. Die verborge sonde in die kerk wat haar beroof het van die hemelse krag waarmee sy toegerus was -

DIT IS WAT ONS MOET LEER KEN;

⁹ HJD: God vervul altyd sy beloftes. As ons onwillig of ontrou is dan handel Hy dikwels met ons soos wat Hy met Jona gehandel het, maar God is absoluut getrou. Ek sal weereens versigtig wees om dit so uit te druk.

dit is wat God kan en wil openbaar, as ons op Hom wag.¹⁰

En selfs alhoewel baie verskillende antwoorde kan gegee word, wanneer ons probeer om daardie grondoorsaak van die euwel na te spoor, kan die Gees van God deur sulke verskeidenheid van insig ons lei om te vind wat in Sy lig die egte waarheid is waarmee Hy ons wil bekendmaak. Daar sou inderdaad vir elke kind van God wat dit lees, geen voordeliger oefening wees om na te dink en op papier te stel wat hy regtig beskou as die verklaring aan die gebrek, in elke land en elke kerk, hieraan: die teken van ware geestelike lewe en krag. Die poging sou help om die aandag te vestig op, sou die moeilikheid van die probleem blootlê, sou lei tot die gewaarwording van onkunde en also ons dring om tot God om Sy onderrig te roep.¹¹

Die eenvoudigste antwoord waarmee miskien algehele instemming deur alle evangeliese Christene betuig sal word, is dit: die gebrek aan bekerings kan toegeskryf word aan die gebrek aan die krag van die Heilige Gees in die kerk. Die gebrek aan die vrug aan die wingerdstok is te wyte aan die gebrek aan oorvloedige vloei van gesonde sap; die gebrek aan vrug in die kerk kan alleen verklaar word deur die gebrek aan 'n gesonde geestelike lewe. Die Gees van God word nie die plek en die krag gegun wat Hom toekom nie.¹²

Hierdie antwoord lei egter tot 'n nuwe vraag: *Wat is dit wat die kerk weerhou van die erkenning en aanvaarding van haar hoë voorreg om die Gees van God as haar lewe en krag te besit?*

¹⁰ HJD: Dit kom hier voor dat ons toenadering as 'n vereiste gestel word voor God bekering in ons kan werk. Klaagliedere 5: 21 stel die teendeel.

¹¹ HJD: Die voorgestelde proses kan as volg opgesom word: peins oor wat fout is en soek dan in die Woord na oplossings. Dit is gevaarlik. Die Woord leer ons juis andersom: bestudeer die Woord, evalueer jouself in die lig van die Woord, bely jou tekortkominge en verander dan volgens die gebod van die Woord van God.

¹² HJD: Vgl. Jesaja 57: 17

Die antwoord op hierdie vraag is ook baie eenvoudig. Daar bestaan maar twee magte of geeste waardeur mense geregeer word en deur wie se optrede alles op aarde bewerk word - die Gees van God en die wêreldgees. Op hierdie reël bestaan daar geen uitsondering nie. Waar daar ook al in die kerk 'n gebrek aan die Gees van God is, daar heers en handel die wêreldgees. En waar die handeling van die Gees van God gedeeltelik en flou is, kan daar geen moontlike rede wees nie behalwe dat die gees van die wêreld, die gees van ons natuurlike lewe hom die plek van die Gees van God toegeëien het. En dit nie alleen deur die doen van dinge wat klaarblyklik sondig en goddeloos is nie, maar nog veel meer, deur die namaak van die werk van die Gees en deur alles te doen wat tot die aanbid en diens van God behoort en daarna lyk, met 'n geaardheid wat van hierdie wêreld is en nie van bo nie.

Toe die seuns van Skeva geprobeer het om in die Naam van Jesus 'n bouse gees uit te werp, het die besetene hulle oorweldig. Hulle het die gedaante gehad maar nie die mag nie; hulle het in die Naam van Jesus geroep, maar dit was die gees van die wêreld en nie van God wat in hulle was nie. Die gebrek aan krag in die kerk om bouse geeste uit te werp, om mense voor God te laat buig, om bekerings te verseker, is aan niks toe te skryf nie behalwe dit; sy werk in die natuurlike krag van hierdie wêreld en sy gees, meer as in die bonatuurlike krag van die Gees van God.

Die uitwendige

BEWYSE VAN DIE TEENWOORDIGHEID VAN 'n WÊRELDLIKE GEES

kan maklik genoem word. Sommige sal dadelik verwys na die metodes waartoe die toevlug geneem word om geld vir die werk van God in die hande te kry. Al die kunsies en plannetjies waarvan

gebruik gemaak word om ledegelde te verkry, om hulp van basaars en vermaaklikhede te erlang, deur misbruik te maak van die laer dryfvere van hoogmoed of wedywer, van vertoon of plesier, is eenvoudig openbarings van die gees van die wêreld. Indien mense sê dat hulle daar geen kwaad insien nie, bewys hulle eenvoudig hoe min hulle verwag dat die ware dryfvere van Christelike vrygewigheid - liefde tot Christus, getroue rentmeesterskap, liefde tot siele - die lidmate van die kerk sal besiel.

Andere sal praat van die manier waarop daar jag gemaak word op betrekking of plesier of rykdom en weelde en dwarsdeur die kerk die oorhand kry en alle onderskeid tussen diegene wat bely dat hulle vir die ewigheid leef en diegene wat erken dat hulle hul deeltjie in hierdie wêreld soek, uitwis.

Nog andere sal wys op die gebrek aan heiligheid en liefde, aan nederigheid en gehoorsaamheid, as die indeks van 'n lewe gelykvormig aan die wêreld.

Maar daar is een gebied waarin die gees van die wêreld die minste verwag of opgemerk word en tog kan sy gees hom daar meer laat geld en nadeliger wees in dié reeds genoem. Dit kan inderdaad wees dat, juis omdat sy teenwoordigheid die minste vermoed of gevrees word, dit die deur kan wees waardeur dit toegang verkry en wat deur God bedoel was as die groot krag om die gees van die wêreld uit Sy kerk te hou of uit te werp of te beveg, dit die wêreld se sterkste bondgenoot kan word. Ek sinspeel op **DIE PREEKSTOEL**. Dit is onmoontlik om dit te hoog te roem as die plek van invloed waarvoor God dit bedoel het en waaraan dit ook beantwoord as die kanaal van die krag van God in die bekering, om mense uit die wêreld te trek. Dit vereis Goddelike lig en leiding om reg te spreek omtrent die invloed wat dit werklik uitoefen in die vermeerdering of vermindering van bekerings,

in die kweek of die oorwin van die wêreldgees. Die preekstoel is die kanaal deur God gekies vir bekerings: enige ondersoek na die skaarste aan bekerings moet daarheen lei.

Teen die gevaar van die wêreldgees by die prediking het die Woord van God ons baie duidelik gewaarsku. Paulus skryf aan die Korintiërs omtrent die twee soorte van preek en die twee soorte godsdiens wat daaruit ontstaan het:

“Ek het nie na julle gekom met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie; en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die krag van God. Ons het ewenwel nie die gees van wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is”¹³

Daar is sulke prediking van die kruis, van Bybelse waarheid en gesonde leerstelling, met oorredende woorde van menslike wysheid wat dit aan sy krag beroof. Die uitwerking daarvan is - die geloof van die hoorders wat op menslike wysheid gegrond is; ’n geloof en ’n godsdiens wat swak en kort van duur is.

En daar is ’n prediking, nie met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, maar in die afwesigheid van wat die natuurlike mens kan aanlok en bevredig, in die betoning van Gees en van krag. Sy vrug is - ’n geloof wat in die krag van God gegrond is, ’n godsdiens wat staande bly en voortduur, omdat dit sy wortel het in die persoonlike ondervinding van die werking van God self deur die Heilige Gees. Wat die prediker kenmerk, word die kenmerk van sy hoorders: die betoning van die Gees en krag in hom.

¹³ 1 Korintiërs 2: 1; 4; 5; en 12.

KWEEK STERK CHRISTENE

Die tentoonstelling van menslike wysheid kan niks anders tot gevolg hê nie as armoede aan bekerings, beide in getal en geaardheid. Die gees van die bediening word in die kerk self weer voortgebring.

Laat ons 'n oomblikkie stilstaan en die vraag stel: Het ons hier nie die verklaring van die skaarste aan bekerings nie? In ons kerk spog ons met die wonderlike verbinding van letterkundige beskawing en evangeliese ywer. Kan dit nie wees dat ons die evangeliese ywer van ons vadere geërf het nie, terwyl dit die letterkundige beskawing in die eerste instansie is wat ons bestudeer en ons genot verskaf? Geen wonder dat bekerings skaars is nie!

Dit is nie moeilik om te sien waarom die gevaar besonder groot is as die wêreldgees hier intree nie. Daar is geen weg waarlangs God die kennis van Homself of Sy genade meedeel nie behalwe deur die verstand, in gedagtes en woorde.¹⁴ Die woord van God kom na ons met argument en beroep - maar argument en beroep wat vir die natuurlike mens dwaasheid skyn, het een krag behalwe wanneer dit deur die Heilige Gees besiel word nie. Hoe naby en hoe groot is die versoeking om te vertrou op die redeneringskrag of die aanloklikheid van die welsprekendheid, terwyl die betoning van die Gees en Sy krag ontbreek!

En dan, met die ware bron van die kanaal van die bekerende genade verswak en in die preekstoel vergiftig, is dit geen wonder dat dit geen krag het om die wêreldsgesindheid 'n die kerk bloot te lê, te

¹⁴ HJD: Ja, daar is geen ander manier om God se genade te waardeer nie. Maar die enigste weg hoe God Homself openbaar is deur sy Woord. Wat ons van die Bybel verstaan is nie die Woord van God nie. Die Bybel self is die Woord van God! Daar is 'n wesenlike verskil. Vir 'n Bybelse perspektief op die saak, lees gerus ook 1 Korintiërs 1 : 17 - 31, Romeine 10: 14 en 15 asook 2 Timotheus 3: 15 - 17.

veroordeel en te oorwin nie! Bekerings is die werk van die Goddelike liefde wat met sondaars worstel deur middel van boodskappers wat die gees daarvan adem en die krag daarvan in hulle ontvang. Die skaarste aan bekerings waar die evangelie verkondig word kan niks anders beteken as dat die wapens van vleeslike en wêreldse wysheid die plek ingeneem het van dié van die Gees wat deur God sterk is om vestings af te breek.

Die redakteur van “The British Weekly” skryf:

Die huidige skrywer het gedurende hierdie jaar na ongeveer twaalf preke deur baie jong predikante geluister en in geeneen daarvan het hy die flouste benadering van die reddende waarheid, die flouste aanduiding gehoor van hoe ’n sondaar die Verlosser kan vind nie.”

’n Verklaring soos hierdie dui vir ons een van die vernaamste bewyse en oorsake van die bestaande kwaad aan. Hierdie jong manne is in die teologiese skole van ons evangeliese - waarskynlik Presbiteriaanse - kerke opgelei; hul letterkundige smaak is met ywerige sorg aangekweek; hulle is geleer dat manne wat leiers van die volk wil wees, gelyke tred met alle moderne denkwysse moet hou; hulle is opgelei om te studeer en te dink en op die wyse iets te lewer wat met aandag kan aangehoor word. Die redakteur van “The British Weekly” keur die voorstel van slegs een preek per Sondag ten sterkste af en praat van

“’n evangelistiese diens saans, met baie opgewektheid en regstreekse vurige evangelisasie prediking, op ’n informele wyse voorgedra waaraan drie of vier deelneem.”

Dan vervolg hy:

“Predikante kan nie twee sulke preke soos nou geëis word, voorberei nie... Die groot moeilikheid van baie is dat hulle geen ware Blye Boodskap het om te verkondig nie en selfs onder die egte evangeliese predikante is die neigings van die tye tot so ’n mate merkbaar dat hulle voortdurend hul gemeentes aanspreek asof almal Christene is!”

Is dit nie opmerklik dat predikante nie opgelei word om bekeringspreke te lewer en dat baie onbekwaam is om dit te doen nie? Hulle kan ’n goed-voorbereide oggendpreek lewer; maar direkte evangelieprediking moet na die aanddiens verplaas word en daarby moet drie of vier leke behulpsaam wees. Dit is stellig tyd dat die Evangeliese Kerk wakker skrik tot die bewustheid dat sy

GEEN MANNE OPLEI VIR DIE DIREKTE EVANGELIEPREDIKING

nog om werktuie van die Heilige Gees by die bekering te wees nie. “Voortreflikheid van woorde” en “woorde van menslike wysheid,” diepte van gedagte en skoonheid van toeligtig en die opwek van ’n aangename gevoel neem die plek in van “die betoning van die Gees en van krag.” Ons hoef ons tog nie te verbaas oor die skaarste aan bekerings nie wanneer die kerk by die oplei van haar leraars hul voorbereiding vir “regstreekse evangelieprediking” nie as eerste doel stel nie!

Hoef ons nog langer te aarsel om te sê wat die oorsaak van hierdie vreeslike kwaad is - ’n kerk deur God saamgestel en van die nodige krag voorsien om bekerings te verkry en wat tog tot so ’n groot mate in haar doel faal? Daar kan maar een antwoord wees: Iets het die plek ingeneem wat vir die Gees van God bedoel was. Daardie iets kan niks anders wees as die wêreldgees in een of ander gedaante nie.

En die een gedaante waarin dit die preekstoel - bedoel om die kanaal vir die bekeringskrag te wees - binnekom en daarvan besit geneem het, is die gees van hierdie wêreld se wysheid. *Dit is deur die wysheid van woorde dat die prediking van die kruis vrugtelos gemaak word.*

Dit is ook nie 'n kwaad wat gister ontstaan het nie. Lank voordat van die moderne kritiek gehoor is, toe alles blykbaar gesond en ortodoks was, sovêr terug as die Hervormingstyd, is die beginstadiums nagespoor. Oral waar die Goddelike waarheid in die verstand opgeneem, bestudeer, verklaar, gehandhaaf, of om gestry word in enige krag behalwe die krag van die Gees van God, waar ook al ons natuurlike vermoë vertrou word om die werk van die Gees van God te doen, daar het u die egte wêreldgees wat die Christus verwerp het. Waar dit sy geloof in die waarheid van God met die grootste vertroue bevestig, weier dit algehele onderwerping aan Sy Kruis en afhanklikheid van Sy Gees wat Hy eis. Die kerk van vandag is die kind van die kerk van 'n halwe eeu gelede: haar swakheid vandag is die openbaring van siektekieme wat toe aanwesig was.

Toe Josua tot God in die benoudheid van die neerlaag by Ai geroep het, het God hom die oorsaak daarvan getoon in iets waarvan hy geen die flouste begrip gehad het nie. Indien die kerk moet uitvind wat regtig die oorsprong van haar mislukkings is, sal God ons iets openbaar waarvan baie van ons nooit gedroom het nie. Ons moet darem oppas dat ons met ons antwoorde nie te gou en te vrymoedig is nie. Ek voel dit diep hoe gebrekkig my eie insig is van die siekte waarvan ons die simptome bespreek. By tye wil dit my voorkom asof daar nog 'n dieper antwoord is as dié wat ek probeer uitdruk het.

Indien die vraag gestel word; “Maar hoe is dit dat die wêreldgees so toegang gekry het tot 'n kerk wat op so 'n wonderlike wyse uit die Gees gebore is en deur Hom gelei word?” sal ons, dink ek, na die

Kruis van Christus gelei word. Die gees en die gemeenskap van die Kruis is te min bekend en word te min aanvaar: dat die Kruis die kruisiging van die eie-ek vir die wêreld is, word nie gelowend gepredik, nie geoefen nie; daarvan word nie in woord en daad getuig nie. Maar hierop kan ek nie nou ingaan nie.

Laat ons pleit, vir onself en vir andere, dat God ons moet toon of, ten spyte van al haar uiterlike voorspoed of miskien omrede daarvan, dit waar is dat die skaarste aan bekerings niks anders as die eenvoudige, regmatige uitkoms van die feit dat die wêreldgees die plek van die Gees van God inneem, is nie.

DIE GENEESMIDDEL

Wanneer 'n pasiënt aan swakheid ly weens een of ander uitwendige oorsaak, is al wat nodig is genoegsame vars lug, of beweging of rus of voedsel. Maar wanneer daar siekte is, moet daar een of ander bepaalde verandering bewerkstellig word, voordat gesondheid en krag herstel word. Ek dink dat ons almal moet erken dat die skaarste aan bekerings nie enkel 'n teken van swakheid is wat deur die aanwending van 'n nuwe doel of poging kan verwyder word nie. Daar is kwaad in die gestel wat deur niks anders as 'n regstreekse genesende tussenkoms van God kan uitgewerp word nie.

Ons vraag is nou: Hoe kan die genesing bewerkstellig word en watter aandeel moet elkeen van ons daaraan neem om dit te weeg te bring? Mag God die Heilige Gees ons die antwoord gee.

1. Ek dink dat dit hier is waar ons sal moet begin: Om ons eenheid met die hele liggaam van Christus te besef, die nood daarvan as ons eie te beskou en die las daarvan voor die Here te dra.

Dit sal nie voldoende wees om verstandelik te erken wat verkeerd is nie; dit moet vir ons word soos 'n voortdurende droefheid wat swaar op die hart druk.

In menige biduur, op menige konferensie en konvensie is die gebrek aan vrugbaarheid gevoel en betreur; die oorsaak van die euwel is nagespoor en bely; in hernude toewyding en geloof het manne hulle tot God gewend om die bekeringskrag en dit gevind. Maar by dit alles, hoe geseënd die uitkomste ook al was, was daar nog altyd een ontbrekende saak. Die belydenis van sonde en die beetpak van die belofte en die ondervinding van die seën was alte veel 'n individuele saak of dit het betrekking gehad op diegene wat meer bepaald onder die

invloed van die ontvanger van die nuwe gawe gekom het. Iets meer is nodig. Ons met leer om

DIE SOLIDARITEIT VAN DIE LIGGAAM

te besef, die siekte of die sonde van die kerk as 'n geheel net so bepaald as ons eie te bely¹⁵; om te wag op, bid om en soek na die geloof waardeur ons vir die kerk waartoe ons behoort of vir die kerk van Christus rondom ons sal kan opeis dieselfde seën en krag wat ons vir onself ontvang het of soek.

Namate dit geskied, namate die offerande van die plaasvervangende Gees van Christus in ons leef, sal ons van onself bevry word en die werk van ons gebed en geloof waarop ons mik, sal groter en hoër word. Mag ek 'n beroep op elkeen wat dit lees, doen om te onthou, net soos elke ware patriot, selfs al sou hy nooit kan gaan veg nie, 'n onverwagte nasionale neerlaag in 'n oorlog sou gevoel, so behoort daar geeneen van ons te wees wat dink dat die vraagstuk van gebrek aan bekerings hom nie in besondere mate raak nie. As ons die Christus en Sy eer liefhet, as ons die kerk van God en 'n verlore gaande wêreld bemin, laat ons dan tog die las van hierdie onuitspreeklike skande en droefheid op ons neem - 'n kerk magteloos om te seën, 'n kerk meer gelei deur die wêreldgees as deur dié van Christus!

Namate die saak die onderwerp van ons denke en gebed word, van prediking en bespreking in steeds wyer-wordende Christenkringe, sal die eerste stap in die rigting van 'n verandering reeds gedoen wees. Wanneer God Sy kinders vir Sy eer waaksaam sien, nie ververoodelende nie, maar draende

¹⁵ HJD: Hier is Nehemia 'n voorbeeld (Nehemia 1)

die laste van die swakkes of die dwalendes, sal Hy stellig met ontferming op ons neersien en na ons geroep luister.

2. Dan moet daardie oortuiging en die belydenis van sonde volg.¹⁶ In al ons leringe omtrent heiligheid word die waarheid steeds beklemtoon dat nuwer en dieper oortuiging, met voller belydenis, die enigste weg tot groter seën is. Wat van die individu waar is, geld ook vir die liggaam.

By die bespreking van die skaarste aan bekerings bestaan daar die gevaar dat ons dit gaan beskou as 'n vreemde onverklaarbare gebrek aan krag, of dat dit veroorsaak word deur 'n geringe afwyking van die egte pad of dat dit moet toegeskryf word aan die foute van sekere denkrigtings. Ons sal moet leer insien dat dit eenvoudig en verskriklik waar is dat die oorsaak is, dat ons Hom verlaat het. God sê: “Het jou verlatting van die Here jou God... jou dit nie berokken nie?”¹⁷ Niks op die aarde of in die hel sou bekering kan voorkom in 'n kerk wat volgens die wil van God wandel en geheel-en-al aan Sy Gees oorgegee is nie.

Ek vrees dat wanneer op hierdie saak van sonde en skuld aangedring word, nie almal daarmee sal instem nie. Daar sal verklarings en argumente wees om te bewys dat die kwaad nie so vreeslik is as wat voorgegee word nie. Ons sal daaraan herinner word hoeveel goeds daar is en hoeveel stof tot danksegging. Ware oortuiging van sonde is ten alle tye geen maklike saak en slegs die werk van die Gees van God: in die kerk van God, wanneer dié sterk staan in uiterlike godsdienstigheid en goeie werke, is dit dikwels die allermoeilikste. Laat almal wat glo dat dit sonde is wat die

¹⁶ HJD: Weereens kan Nehemia hier as voorbeeld dien. (Nehemia 1)

¹⁷ Jeremia 2: 17

oorsaak van gebrek aan bekerings is, die stem van God tot Josua hoor:

“Ek sal nie meer met julle wees tensy julle die ban onder julle uit verdelg nie.”¹⁸

Voordat die teenwoordigheid van God in bekeringskrag kan herstel word, moet die ban verdelg word.

Laat diegene wat dit glo, hulle daaraan ten volle oorgee. Bekerings is die een groot begeerte van die Seun van God op aarde: behoort die skaarste aan bekerings in Christelike kerke nie

DIE EEN GROOT DROEFHEID VAN SY VOLK

te word nie?

Diegene by wie dit die geval is, sal bemoedig word om die stem te verhef en luid uit te roep, totdat hul stem gehoor word waar hulle tans geen toegang het nie. Hul getuienis kan deur sommige verwerp word; dit sal ander wakker skud. Dit sou die weg kan voorberei vir een of ander profeet wat God sou kan stuur om sy slapende kerk op te wek en vernedering en skulderkennis te bewerkstellig. Dit sou soos vuur kan begin brand in party van die kerkleiers en hulle dwing om hul kerk tot plegtige beraadslaging byeen te roep en voor God die vraag stel: Is dit waar dat hierdie skaarste aan bekerings bestaan? En is dit waar dat die oorsaak daarvan is dat die wêreldgees liewer op die troon in ons kerke gevestig is as die Gees van God? Kom, laat ons na die Here onse God teruggaan en Hy sal ons genadig wees.

¹⁸ Josua 7: 12

3. Wanneer belydenis van sonde gedoen is, dan volg die plegtige stonde wanneer die besluit moet geneem word of dit in die krag van God sal uitgedelg word.

Meer as een sonde word erken en betreur, terwyl die boetvaardige voel asof hy in boeie sit. Vrae soos die volgende sal ontstaan: Is dit waarskynlik dat ons ons metode van preek en godsdiensoefening sal verander? Bestaan daar enige hoop dat ons hierdie vreeslike krag van die wêreld uit die preekstoel en die kerkbanke sal kan uitwerp? Is dit moontlik om terug te gaan tot die Pinksterstadium toe die prekery nie bestaan het in aanlokkende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van Gees en van krag?

Hoe meer ons dink des te onmoontliker kom die verandering ons voor. Niks minder as 'n omwenteling word vereis nie. Niks minder as die tussenkoms van Goddelike Almag sal voldoende wees nie. Wanneer gelowiges die sondelas van die kerk wil dra, sal hulle tot dieselfde punt moet gevoer word as toe hulleself uit hul lewe van wêreldgesindheid en ongeestelikheid gelei is. Hulle moes hulle op die krag van hul verhoogde Here werp om die moed vir 'n volle toewysing te vind, en vir die versoek dat God dit sou aanneem en in hul ondervinding waar maak. Namate ons voel hoe onmoontlik dit vir die mens is om die kerk van sy gevaar te oortuig of om 'n verandering te weeg te bring, sal ons ons verlaat op die krag van God en in Hom vind genade en sterkte vir 'n getuienis aangaande wat Hy ons laat sien het en vir 'n verwagting wat nie tevergeefs sal wees nie.

Alle besprekings oor die skaarste aan bekerings sal vrugteloos blyk tensy hulle tot daade lei. Terwyl ons bid, moet ons onself aan God aanbied om die antwoord te ontvang, rond te dra en uit te leef. Wanneer ons ons eie sonde en dié van ons mese

bely het, moet ons opstaan en die Agan uitdelg. Ons moet onself oorgee om geleer, aangegryp en deur God gebruik te word om Sy kerk wakker te skud. Ons bewuste swakheid, ons beperkte invloed hoef geen hindernis op te lewer nie. 'n Klein vuurhoutjie of die kleinste bossie kan die grootste brand ontsteek. God kan ons gebruik om iemand met groter invloed aan te raak. Laat ons ons slegs eerlik oorgee om die las te dra en luid te verkondig; Dit mag nie langer voortduur nie; 'n verandering moet plaasvind; die skaarste aan bekerings moet ophou. As ons die kwaad uitdelg, sal God opstaan en Sy vyande uitmekaarjaag. Indien ons self getrou bly en in ons kring ons plig nakom en daarby ons deel van die nood van die kerk en van die wêreld dra, sal God op Sy eie tyd ons verhoor en help.

4. Bo alles laat ons onthou dat daar in hierdie saak geen kompromis mag wees nie.

God sal alleen gevind word waar Hy met die hele hart gesoek word. Indien die bekerende Gees in krag tot die kerk moet terugkeer, sal hy aangaande die bekeringswerk moet sê: Hierdie een ding doen ek. Indien bekering die een saak is wat God in sy reddingsplan soek om mense na Hom terug te bring; indien dit die een saak is waaroor die Seun van God geleef en gesterf het - dan is daar stellig niks minder nodig as dat die kerk hom in sy wydste betekenis dit as hoofdoel stel - die bekering van sondears. Die kerk wat dit as nommer een stel, hom op apostoliese wyse van die wêreld losmaak en alle vertroue in sy eie goedheid of wysheid laat vaar om op krag uit die hoogte te wag -

DAARDIE KERK SAL BEKERINGS HÊ.

Ons kan stellig verwag dat daar baie pogings tot kompromis sal aangewend word. Mense sal hulle kan wend tot evangelistiese bonde en spesiale dienste, terwyl die toestand van die kerk as 'n geheel onveranderd bly.

God het in die verlede ons evangeliste gegee om aan te vul wat aan die bediening ontbreek het. Indien Hy vind dat die kerk en die bediening daar voordeel uit haal deur van hulle die geheim van bekeringsprediking te leer, kan Hy moontlik daarmee voortgaan of hierdie hoognodige gawe nog verder uitbrei. Maar indien die uitwerking is om die neiging by die gewone bediening te versterk om hom te wy aan wat nie regstreekse bekeringsprediking is nie, durf ons nie verwag dat Hy ons sal gee wat die kerk tot 'n vloek sou kan word nie. Planne sal beraam en uitgevoer word om die oggenddiens met sy letterkundige beskawing af te sonder vir die bevrediging van die intelligentsia en die aanddiens aan evangelieprediking te wy. Dit kan op die duur nie slaag nie. So 'n kerk sal wees soos die vrou voor koning Salomo wat gewillig was om die lewende kind te laat verdeel. Daardeur het sy bewys dat sy nie die moeder was nie. So 'n kerk is nie die ware moeder, met heelhartige toegewydheid aan die lewende kind, waarin die kinders van die lewende God verwek word nie. Dit sal maar net die herhaling wees van die verhaal van Isak en Ismael in Abraham se huis:

*“Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie”*¹⁹

¹⁹ Galasiërs 4: 30

Elke kerk moet bekerings sy een doel so bepaald maak, dat selfs waar die oggenddiens gewy is aan die opbou van gelowiges, dit gevoel moet word dat dit bekeerde manne is wat voortgelei word tot alles waartoe die geseënde bekering toegang verleen het. Wanneer die prediking tot die volk van God beteken profeteer in die krag van die Gees, sal dit nog wees soos in die ou dae:

“Maar as almal profeteer en daar ’n ongelowige of ’n onkundige binnekom, dan word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel; en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid en verkondig dat God werklik onder julle is”²⁰

Die oggenddiens van gelowiges is as ’n vaste instelling die enige ware voorbereiding vir ’n ewangeliëse aanddiens.

Indien die kerk of enige aantal kerke of een kerk ooit bekerings die een saak maak wat hulle van God begeer en hulle aan Hom oorgee om elke oorsaak van nederlaag op te spoor en te verban, sal Hy hulle dit stellig gee.

Die Kerk in die sendingveld is van die kerk tuis afhanklik. Wanneer die vraagstuk van skaarste aan bekerings in die moederkerke opgelos is, sal die uitwerking daar onmiddellik blyk. Om te bid om met-die-Gees-ervulde sendelinge in die buiteland, terwyl ons tuis op ’n beskaafde bediening staatmaak, sal nie gaan nie. Ons moet leer dat die bediening in die kerk die doop van die Gees net so onmisbaar nodig het as die beminde broers wat die duisternis van die heidendom gaan beveg. Die stryd tuis teen ontrouheid, wêreldgesindheid en

²⁰ 1 Korintiërs 14: 24 en 25

evangelie-verharde formaliteit is geen siertjie makliker nie, miskien nog swaarder, as dié een teen die heidendom. Hier, net soos daar, kan niks ons help behalwe die teenwoordigheid en krag van God nie.

Geliefde broers, die euwel is groter as wat enigeen van ons hom kan voorstel: en die werk wat ons moet doen om die weg tot uitredding te soek en voor te berei, is moeiliker as wat ons kan glo. As ons self hierdie las moet dra, soos dit hoort, as ons moet help om die kerk wakker te skud tot 'n insig, tot belydenis en berou en 'n uitdelging van wat hierdie skaarste aan bekerings 'n Goddelike noodsaaklikheid gemaak het, sal ons baie op God moet wag om Sy Gees om ons te leer en te versterk.

Ek bid dat selfs hierdie swak gedagtes deur Hom gebruik mag word om sommige harte te bereik en om die getal te vermeerder van diegene wat met Josua op hul aangesigte val en uitroep:

“Ag, Here, wat sal ek sê nadat Israel vir sy vyande die rug gegee het?”²¹

Mag ons daar gevind word, totdat Hy vir ons sê:

“Staan op... Israel het gesondig; julle kan nie voor jul vyande standhou, totdat julle die ban onder julle uit verwyder het nie.”²²

²¹ Josua 7: 8

²² Josua 7: 10; 11 en 13.